# Die Byekorf



2017/02/08 **Standerton Akademie**

**05/17**


Geagte ouers

**Ooievaarsbesoek**

Namens Standerton Akademie wil ons van die geleentheid gebruik maak om Orika Bierman en Charleen Grové geluk te wens met die nuwelinge in die huis. Mag klein Karli en Thys vir julle nog baie vreugde bring. Mooi so Nico en Thys. Ons is trots op julle samewerking.

**Ken-mekaar-aand**

Baie dankie aan al die ouers wat ons ondersteun het tydens hierdie lekker aand. Ons glo en vertrou u het die aand saam met ons geniet en dat daar vir u ook meer sekerheid is rondom u kind se akademie met die nuwe jaar se onderwyser.

**Werksverdeling van ouers**

Na aanleiding van die afskeurstrokie wat u gister ontvang en ingevul het, maak ons graag die volgende reëlings aan u bekend. (Sien aangeheg die naamlys en waar u ingedeel is). Die onderskeie bestuursliggaamslede hanteer hierdie portefeuljes en sal u kontak waar daar werk gedoen moet word. By voorbaat dankie vir die hulp.

**Forum**

Ouers, u word uitgenooi om enige insette, versoeke of opmerkings skriftelik in te dien by die hoof nie later as 3 Maart 2017. In die voorportaal is 'n spesiale houer met voorstelle en oplossings waarin u die briewe kan plaas. Die dagbestuur van die skool (hoof, voorsitter, ondervoorsitter en finansies) sal dan hierdie briewe kontroleer en kanaliseer na die onderskeie portefeuljevoorsitters. Op 8 Maart 2017 sal u persoonlik uitgenooi word om dan hierdie sake te bespreek. Die onderskeie voorsitters sal dan hierdie sake van ons ouers na die bestuursliggaam neem vir bespreking op 13 Maart 2017. Terugvoer sal onmiddelik na afloop van hierdie vergadering aan al ons ouers deurgegee word. Let wel: hierdie proses sal op 'n kwartaallikse basis plaasvind tot opbou en uitbreiding van ons skool. Almal is welkom om insette te lewer. (Aangeheg vind 'n voorstelle en klagtevorm vir u gebruik indien nodig.)

**Oos-Transvaal Atletiek**

Maak asseblief seker dat u kind oor die regte atletiekdrag beskik vir deelname op 18 Februarie te Middelburg. Leerlinge weet reeds aan watter onderskeie items hulle gaan deelneem. Registrasiegelde van R60 per leerling moet nie later as Vrydag 10 Februarie by die kantoor inbetaal word.

**Veldskool en Leierskamp**

Ons stuur al ons Graad 6 en 7 leerlinge na die veldskool en leierskamp op 24 – 26 April 2017 te Kwasinungu net buite Volksrust. Die leerlinge sal vergesel word deur mnr. Aldo van Deventer en juffrou Marilize Roelofse. Kostes vir die kinders beloop R650.00 per kind en is betaalbaar voor die skool sluit aan die einde van die kwartaal. 'n Volledige lys met alle benodigdhede asook die vervoerreëlings sal aan u deurgegee word.

**Majuba Vergadering**

Ouers wat belangstel om die naweek van 24 – 26 Februarie te Majuba by te woon word herinner aan vanaand se vergadering om 18:00 by die skool onder leiding van mnr. Tinus de Jager (Kultuurverteenwoordiger). Ouers neem ook kennis dat ons volgende Woensdag, 15 Februarie, om 07:30 'n geskiedkundige les oor die gebeure van Majuba by die skool aanbied vir alle Graad 1 – 7 leerlinge. Die program word behartig deur ds. Martin Jordaan.

**Atletiekfoto's**

Atletiekfoto's van die Interhuisbyeenkoms asook die Streekbyeenkoms is vanaf môre beskikbaar vir bestelling teen R12 per foto. Die bestellings sluit Vrydag, 17 Februarie 2017.

**Buitemuurse bedrywighede**

Vind aangeheg die tabel van die buitemuurse bedrywighede. Ouers u moet volgens hierdie tye besluite neem waar u kind betrokke sal wees. Let wel: aktiwiteite soos skaak, tennis, danse, karate, gholf en perdry reflekteer nie op die tabel omdat dit heelwat later plaasvind.

**Nasorgsentrum**

Die skool se nasorgsentrum is daagliks beskikbaar vir alle leerlinge vanaf direk na skool tot 17:15. Kostes beloop R300 per leerling per maand en is vooruitbetaalbaar. Indien u sou belangstel, kontak gerus Daleen Podges by die kantoor vir meer inligting. Die nasorgsentrum word behartig deur mev. Swanepoel.

**Omgeedag – 14 Februarie 2017**

Omgeedag is voor die deur, en ons wil graag net die finale reëlings in verband daarmee deurgee.
Leerders mag die dag gewone klere aantrek (rooi, wit of pienk).

**Die dag se program is as volg:**

1. Opening.
2. 'n Kort toneelspel wat aangebied word deur die graad 6 en 7 leerders.
3. Skattejag.
4. Malva lekkers en sjokolade fontein.
5. Die geskenkies, kaartjies en prentjies wat by die kantoor gelaat moet word voor **Vrydag 10 Februarie** word aan leerders uitgedeel.
6. Elke leerder ontvang ook 'n "omgee" hartjie en springmielies.
7. Afsluiting.

By voorbaat dankie aan elke ouer vir u ondersteuning met die projek.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 8 Febuarie tot 14 Februarie verjaar.
Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 8 Febuarie : Leila van der Merwe | 9 Februarie : Sarene van der Linde<br>12 Februarie : Christo van der Merwe |

**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 18 Februarie | Oos-Transvaal Atletiek te HTS Middelburg |
| 24, 25 en 26 Februarie | Majuba naweek |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |




GROETE

S. Swanepoel

## Werksindeling:

| Sport<br>Gerhard Bierman | Kultuur<br>Tinus de Jager | Finansies<br>Eubus Pretorius | Bemarking<br>Johann Schoonraad | Fondsinsameling<br>Casper J v Rensburg | Geboue en Terrein<br>Vic Hancke |
|---|---|---|---|---|---|
| Jan Nichols | Melanie Hattingh | Susan Nichols | Anél Flack | Heleen Bierman | Boebie Hattingh |
| Sarene van der Linde | Salomé van der Merwe | Mari-Elize Vermaas | Marietjie Verwey | Elra Lötz | David van der Linde |
| Aldo van Deventer | Karen van der Linde | Marista van der Merwe | Marelize Fischer-Gerber | Paul de Bruyn | Jabbies Lötz |
| Madeleine van Deventer | Laretha de Jager | Kobus van Heerden | Marizelle Fritz | Christelle de Bruyn | Johnny Hipkin |
| Celeste Hipkin | Jaco Gerber | Maureen Pretorius | Rudolf Fritz | Alida Griesel | Lukie Vermaas |
| Willie Griesel | Pierre van der Westhuizen | Mar-Johan Pretorius | Nolene Kotze | Pierre Pretorius | Uys van der Merwe |
| Stoffel Bester | Vinci van der Westhuizen | Elsabé Baker | Elizna Griesel | Alida J v Rensburg | Henro Pretorius |
| Elri Bester | Pieter Kotze | Charleen Grové | Suzelle Kemp | Desi Pretorius | Annemie Hancke |
| Carien Schoonraad | Charlene Engelbrecht | | Samanthi Hancke | Teresa Meyer | Jason Meyer |
| Madré van Heerden | Anso van Rensburg | | Carel Hancke | Yolanda Labuschagne | Tobie Verwey |
| Wikus Pretorius | Johanie Els | | | Ina Potgieter | Ethiene Labuschagne |
| Marelize Pretorius | | | | Wiekus de Bruyn | Jaco van der Merwe |
| Nico Bierman | | | | Marné Cronje | René Pretorius |
| Orika Bierman | | | | Pauli van der Merwe | Danie Burger |
| Lynette Burger | | | | Madeleen van der Merwe | Hennie Kotze |
| Quinton Roberts | | | | Tronell Kotze | Christo van der Merwe |
| Chrizelle Roberts | | | | Charnel Geldenhuys | Riaan Kemp |
| Thys Grové | | | | Loezytha Eloff | Wimpie Cronje |
| Ivan Baker | | | | | Rikus Eloff |
| Justin Norman | | | | | Hansie van Rensburg |
| Réan Geldenhuys | | | | | Johan Griesel |

## Buitemuurse Aktiwiteite:

| | Gimnastiek | Experi-Maatjies | Leeslab | Swem | Playball | Rugga Kids | Now Netball |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maandag** | | 15:00 | | | 12:30 | | |
| **Dinsdag** | Kleuterskool 12:30<br>Laerskool 14:00 | | | | | | |
| **Woensdag** | | | 12:30 | 12:30 | | | |
| **Donderdag** | | | | | | Kleuterskool 12:30 | Kleuterskool 12:30 |
| **Vrydag** | | | | | | | |

# Standerton Akademie

## *Voorstelle- en Klagtevorm*

*Datum:* ..............................................................................

*Naam en van:* ..............................................................................

*Telefoon:* ..............................................................................

*Verwysingsnommer:*
..............................

## *Voorstel / Klagte:*

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

### *Kantoor gebruik:*

*Aksie geneem deur die skool:*

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

*Datum afgehandel:* ..............................................................................

*Persone betrokke by die afhandeling van die bogenoemde saak:*

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................